Acta Theologica Supplementum 3 2002

# "VOORBEREI EN TOEGERUS": P.C. POTGIETER SE BESKOUING VAN DIE OPLEIDING VAN PREDIKANTE IN KRITIESE PERSPEKTIEF

L.O.K. Lategan[1]

## ABSTRACT

## PREPARED AND EQUIPPED: P.C. POTGIETER'S VIEW ON THE TRAINING OF MINISTERS IN CRITICAL PERSPECTIVE

This article examines the training of ministers and interacts with the perspectives formulated by P.C. Potgieter. It considers Potgieter's monograph on the theological curriculum, *Voorberei en toegerus*, in which he outlines some characteristics of and conditions for theological training. In his opinion all theological training must be qualified by Scripture. Theological training should also create a sense for critical enquiry. Theological study is directed at the study of the Revelation of God and the church as the body of Christ. The article further discusses the literature on theological studies where attention is paid to the reasons for theological training, theology as a science and *a priori* assumptions in the study of theology. The article concludes with a discussion of Potgieter's view on theological training.

## 1. TEMATISERING

Wetenskap en die opleiding van beroepslui word deurlopend beïnvloed deur samelewingstendse (soos globalisering), filosofiese denkrigtings (soos die postmodernisme), ekonomiese ontwikkelings (soos NEPAD) en politieke bestelle (soos gesosialiseerde demokrasie). Die opleiding van predikante kan hierdie en ander ontwikkelings en tendense nie vryspring nie (sien Du Toit 2000, Van Niekerk 2000). Die jongste bewys hiervan is die gesprek oor die sg. "Nuwe Hervorming" waar die historiese Jesus, die maagdelike geboorte, die uniekheid van God, die eksklusiwiteit van geloof, ensovoorts wat noodwendig daartoe lei dat lidmate vrae stel waarvoor dominees antwoorde sal moet gee, hetsy in preke, pastorale gesprekke, huisbesoeke, ensovoorts. Dit vereis 'n eietydse karakter vir teologiese opleiding.

1 Prof. Laetus O.K. Lategan, Dekaan: Navorsing en Ontwikkeling, Technikon Vrystaat, Privaatsak X20539, Bloemfontein 9300. E-pos: llategan@mail.tofs.ac.za

Die situasie word verder geproblematiseer deur predikante wie se band met die gemeente weens onetiese gedrag losgemaak word. Die kerklike publiek vra of teologiese fakulteite nie meer aandag moet gee aan die geestelike voorbereiding van die toekomstige leraars nie. Dan is dit ook 'n vraag of dit die universiteit se taak is om sy studente (in die algemeen) eties vir die beroepslewe voor te berei en of dit net van toepassing is by beroepe soos predikante.

In hierdie omstandighede word gevra: *Hóé voorbereid en toegerus is voornemende predikante vir die beroep wat op hulle wag?*

Die oorsprong van hierdie vraag is nie net die jongste debat in kerklike geledere oor geloof in die 21ste eeu nie, maar ook die konteks: word predikante intellektueel en emosioneel genoegsaam voorberei vir die eise van die postmoderne samelewing en is die studente én die dosente voorbereid en toegerus daarvoor?

Hierdie bydrae wil krities kyk na die opleiding van predikante binne die gereformeerde kerkverband. Die keuse van die bydrae sluit aan by die jubilaris se studie oor die kurrikulering van die teologiese leerstof en die wyse waarop sy navorsing bygedra het tot die teologiese leerplan in die dogmatiek. Die keuse van die bydrae ondersteun ook 'n persoonlike standpunt van die outeur dat akademiese ontwikkeling bepaalde antropologiese aksente vereis, maar dat dit (ook in sy eie teologiese opleiding) óf uit die teologiese kurrikulum gelaat word óf gerasionaliseer word. Die jubilaris se ryke teologiese loopbaan (as predikant, dosent en later dekaan, kerklike leier en navorser in die Dogmatiek) bied genoegsame ondersteunende materiaal vir hierdie bydrae. As dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat vir langer as 'n dekade het Potgieter 'n aandeel gehad aan die akademiese leiding van die Fakulteit waarin hierdie vraag seker meer as een keer aan die bod gestel is.

Hierdie bydrae sal beperk word tot die vraag wat die kern en konteks van die teologiese opleiding moet wees. Vrae rondom die kurrikulum en akademiese personeelontwikkeling sal dus nie aan die orde gestel word nie.

## 2. DIE JUBILARIS SE BYDRAE TOT DIE TEMA

### 2.1 Die wese van teologiese opleiding

In Potgieter (1988a:1) se studie oor die teologiese kurrikulum, *Voorberei en toegerus*, sê hy dat predikante-opleiding 'n tweeledige diepte-dimensie het wat heeltemal onontbeerlik is:

> Sonder *geestelike toerusting* moet niemand selfs probeer om hierdie werk te doen nie. En wie dit sonder behoorlike *akademiese voorbereiding* wil doen, gaan bedroë daarvan afkom. Dit is egter nie al nie. In die bediening gaan dit om iets wat veel groter is as 'n suksesvolle loopbaan. Dit gaan om 'n saak waarvoor net die heel beste genoeg is, sodat die apostel selfs sê dat "die man wat in diens van God staan, volkome *voorberei* en *toegerus* sal wees" (2 Tim. 3:17).

Hoewel dit vir hom 'n gegewe is dat die predikanteberoep 'n professionele beroep is (sien onder meer 1988a:4, 53), oordeel Potgieter dat die teologiese kurrikulum nooit net 'n *beroepsgerigte* aksent kan hê nie, maar dat dit ook 'n *roepingsgerigtheid* moet bevat (Potgieter 1988a:6). Die vraag is egter of die afgestudeerde voornemende predikant werklik "voorberei en toegerus" is vir die taak wat op hom/haar wag (Potgieter 1988a:12). Méér spesifiek is dit ook 'n vraag of die teologiese dosent opgewasse vir hierdie taak is. Uit Potgieter (1988a:23, 25) se studie is bevind dat die dosent verreweg die belangrikste faktor in die vorming van die studente se teologiese denke is. Ten spyte van teologiese vakke se tradisie wat 'n belangrike rol speel in die oordrag van kennis (Potgieter 1988a:28, 29), noodsaak onder meer ontwikkelings binne die hoër onderwys, die dinamika in/van vakgebiede en sosiale kontekste herkurrikulering (Potgieter 1988a:32).

Vir Potgieter (1988a:35) is die teologie 'n geloofswetenskap. Vir die beoefening van die teologie moet sekere beginsels as *geloofsapriori's* aanvaar word. Hierdie beginsels is:

- *Die geloof dat God bestaan*. Hy is die grond van die syn.
- *Die geloof dat die Heilige Skrif as Woord van God sy openbaring aan ons is*. Dit is die bron van ons teologiese kennis en terselfdertyd voorwerp van studie van die teologie.
- *Die geloof dat God deur sy Heilige Gees getuienis in ons lewer*. So verkry die openbaring van God vir die mens betekenis.

Die afleiding hieruit is dat die leerstof in die teologiese kurrikulum rondom die Heilige Skrif as Woord van God gebou word. Die direkte verband met die Heilige Skrif is die toets of die bepaalde leerstof binne die teologiese kurrikulum tuishoort of nie (Potgieter 1988a:35).

In die opleiding van predikante moet die student so opgelei word dat hy/sy in staat is om nuwe probleme op te los deur 'n sterk analitiese vermoë by hom/haar te ontwikkel. Vir sinvolle praktykgerigtheid moet die grondliggende beginsels van die vak verstaan word. Potgieter ag hierdie benadering as belangrik vir 'n wêreld wat gedurig verander en waar "nuwe" situasies en probleme telkens ontmoet word (Potgieter 1988a:34). Dit beteken

geensins dat die teologiese opleiding alles kan aanspreek waarmee die voornemende predikant eendag in die bediening in aanraking gaan kom nie (Potgieter 1988a:33, 46).

In Potgieter se verstaan van teologiese opleiding sal sy Skrif- en kerkbeskouing 'n belangrike rol speel. Dit vra dus nadere ondersoek.

Beoordeel vanuit die genitiewe teologie het Potgieter nie 'n eie teologiese paradigma ontwerp nie. Sy vertrekpunt bly die Gereformeerde teologie met die aksent op *Sola scriptura*, *Sola fide* en *Sola gratia*. Sy teologiese publikasies sentreer hoofsaaklik rondom die temas van die leer van die voorsienigheid (*providentia Dei*), die duidelikheid en genoegsaamheid van die Skrif (*perspicuitas*) en die kenmerke van die kerk (*notae ecclesiae*). Hierdie temas vind hulle oorsprong in die Bybel en word telkens aan die Bybelse beginsel daarvan gemeet. Hiermee bly Potgieter prinsipieel verbind aan sy standpunt dat tot die teologiese kurrikulum dit hoort wat aan die Skrif gemeet kan word. Talle voorbeelde kan hierdie stelling staaf. As dekaan van die Fakulteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat is hy die medeondertekenaar van 'n openbare dokument dat dié Fakulteit vashou aan die onfeilbaarheid van die Woord. Dié dokument lui:

> Ons bely dat die Bybel die Woord van God is waarin God Hom betroubaar en gesagvol openbaar. Ons is daarom oortuig daarvan dat die Bybel betroubaar is in wat dit ons meedeel oor God, oor Jesus Christus, en oor die werklikheid in sy verhouding tot God (*Die Volksblad*, 24 Mei:8).

Dit kan nie empiries bewys word dat die Bybel die Woord van God is nie. Dit is 'n *geloofsapriori*. Die Skrif dra sy gesag in homself (outopistie) en het sy oorsprong in die lewende God (Potgieter 1990:25, 1986:23). Die Bybel is nie tydgebonde of kultuurgebonde nie, maar tydbetrokke of tydgerig. Die Woord spreek dus mee vir elke tyd en situasie (Potgieter 1990:26). Oor die *perspicuitas* of *claritas* van die Skrif skryf hy dat hoewel duidelikheid 'n eienskap van die Skrif is,

> hef dit nie noodsaaklikheid van vertolking, van diepgaande ondersoek, van wetenskaplik verantwoordelike eksegese, van kerk en teologie se onderskeie rolle op nie (Potgieter 1988b:90).

Die *perspicuitas* beteken ook nie dat die teologiese navorser alle antwoorde voor hande sal hê nie of dat hy/sy nie ook verkeerd kan interpreteer nie. Die duidelikheid is die saak van die Bybel maar nog nie van elke woord nie (Potgieter 1988b:94, 1990:49). By geleentheid laat hy hom ook uit teen die "foefies en die truuks" in die erediens. Hy sê dat die prediking die evangelie nie beter of interessanter hoef te maak nie. Dit pas nie in die ere-

diens nie en tas die *auctoritas* van die Bybel aan (*Die Kerkbode*, 14 Oktober 1994:1, *Die Volksblad*, 12 Oktober 1994:4).

Hoewel die Skrif sy eie verklaarder is (*sui ipsius interpres*) sluit dit nie die rol van die teologie uit nie. Die teologie het daarom die Bybel as studieobjek (Potgieter 1990:33).

Die brug tussen kerk en Woord is die bediening en lering van die kerk aan die hand van die Woord. Die kerk het gesag omdat die Woord gesag het (*auctoritas divina*). Kerk en Skrif spreek dus mee in teologiese opleiding.

2 Korintiërs 5:18-20 speel 'n belangrike rol in die kerklike bediening. In die bediening van versoening speel die bediening van die Woord 'n belangrike rol. Die bedienaars van die Woord het dus 'n outoriteit wat ontleen is aan die gesag van die Woord. Dit plaas dus uiteraard verantwoordelikheid op die bedienaars van die Woord om nie lukraak met hierdie Woord om te gaan nie. Hy skryf:

> Terwyl hulle besig is met hierdie diens (die bediening van die Woord) het hulle die outoriteit wat die betroubaarheid van hulle spreke bevestig. Dit is dus baie duidelik dat die waarheid van wat hulle sê, maar nog meer bepaald die gesag daarvan, in die evangelie self geleë is. Die verantwoordelikheid en die gesag van die spreker lê daarin dat hierdie woord … gespreek moet word (Potgieter 1990:12).

Potgieter skei nie die bediening en die lering van die Woord van die kerk as instituut nie. In sy intreerede, *Die gesag van die kerk se Woord* (1983), betoog hy dat die primêre gesag in die kerk niks anders kan wees as die Goddelike gesag van die Heilige Skrif nie (Potgieter 1983:8). Vir hom is daar ook geen twyfel aan die gesag van die konfessies nie. Saam met Barth (onder andere) is hy dit eens dat die konfessies die eerste kommentare op die Skrif is (Potgieter 1983:10). Potgieter (1983:12) maak dit verder duidelik dat die gesag van die kerk nie met onfeilbaarheid verwar word nie. Die kerk kan dwaal en het ook gedwaal. Die gesag van die kerk is in die *sola Scriptura* geleë en nooit in menslike outonomie nie.

> Die kerk is immers geen doel op homself nie, maar deur middel van mensewoorde bied hy as instrument van die Heilige Gees 'n sinvolle ruimte vir God se Woord in die wêreld. In hierdie ruimte kom die verskillende fasette van die kerk se roeping ook volkome tot hulle reg (Potgieter 1983:4).

Die kerk het 'n besondere verbintenis met Christus — die kerk leef in 'n *unio mystica cum Christo*. Vir hom is daar geen ander instansie wat so aan Christus verbind is nie. Die kerk van Christus het s.i. twee aspekte (en nie

twee ligaamsmodelle nie) wat beide verband hou met die metafoor "liggaam van Christus". Aan die een kant is dit die somtotaal van alle ware gelowiges in Christus en aan die ander kant die instelling waartoe die gelowiges behoort (Potgieter 1991, sien ook Potgieter & Smit 1988:66).

In die reeds vermelde openbare belydenis van die Fakulteit Teologie word die volgende gesê:

> Dit is eweneens belangrik om eietydse kennis wat van tyd tot tyd deur die verskillende wetenskappe voortgebring word, op 'n deurlopende basis met Bybelse insigte in gesprek te laat tree. Egte wetenskap en die evangelieboodskap staan nie teenoor mekaar nie .... Ons is terdeë bewus daarvan dat ons in die beoefening van die teologie ons voortdurend moet verantwoord of ons die Bybel reg verstaan (*Die Volksblad*, 24 Mei 2002:8).

# 3. ONDERSTEUNENDE PERSPEKTIEWE TOT DIE OPLEIDING VAN PREDIKANTE

## 3.1 Waarom moet die teologie bestudeer word?

Rossouw (1989) bespreek in 'n artikel die werk van J.J. van Oosterzee oor die bestudering van die teologie. Hoewel verskeie redes uitgelig kan word waarom mense negatief staan teenoor die bestudering van die teologie, lig Rossouw (1989:74, 75) (na aanleiding van Van Oosterzee) drie redes uit waarom daar juis voortgegaan moet word met die bestudering van die teologie. Die redes wat vermeld is:

- *Die stem van die menslike gees*. Die mens is meer as net vlees en het 'n behoefte aan hoër geestelike dinge.
- *Die psigologiese grondslag*. Die teologie kan die twyfel bestry.
- *Die band tussen geloof en wetenskap*. Teologie moet groei kan verseker ten spyte van wetenskaplike vorderings.

In sy reaksie op die werk van Van Oosterzee, waardeer Rossouw (1989: 76-77) die noodsaaklikheid van die bestudering van die teologie. Hy begin om daarop te wys dat die teologie altyd gerig moet wees op die eise van die tyd. 'n Gerigtheid op die eise van die tyd beteken nie 'n napraat van die konteks nie, maar juis 'n toepassing in die konteks. Rossouw verwys tereg na Gerben Heitink wat daarop wys dat in die aanbieding van die teologie dit noodsaaklik is om tred te hou met die behoeftes van die studente, ontwikkelings binne die onderwys, die beroepspraktyk en die eie geestelike welsyn van die dosent en student in die beoefening van die teologie. Ros-

souw is derhalwe van mening dat die student in sy/haar roeping tot die bediening ondersteun moet word. Dieselfde geld die dosente. Met watter erns beoefen hulle die teologie en dra hulle die teologiese kennis aan hulle studente oor? Die doel van teologiese opleiding is om studente te begelei tot selfstandige denke rondom geloof. Vir Jonker (1998:131) moet die teologie 'n "skerp kritiese snykant" hê. Rossouw (1989:77) formuleer die doelwit vir die onderrig van die teologie as volg:

> Dit gaan immers in die beoefening van die teologie oor die heilswerk van God (Teologiese pespektief); die openbaring daarvan in die persoon en werk van Jesus Christus (Christologiese perspektief); die vergestalting daarvan in Sy liggaam — die kerk (beriteologies-ekklesiologiese perspektief) onder leiding van die Heilige Gees (pneumatologiese perspektief) met die oog op dienswerk (diakoniologiese perspektief) in die wêreld (kosmologies-missiologiese perspektief) ter wille van die realisering van die heil (basileologiese perspektief) met die oog op die wederkoms van Christus (eskatologiese perspektief).

## 3.2 Die aard van die teologie as wetenskap

Vir Potgieter (1988a) hoort die teologie ás wetenskap tot die universiteit. Wethmar (1998:228) ondersteun hierdie siening. As redes hiervoor voer hy die volgende aan:

- Die hermeneutiese taak van die teologie vereis wetenskaplikheid.
- Die teologie lewer 'n bydrae aan die Christelike samelewing.
- Ter wille van die samelewing moet die teologie aan wetenskaplikheid en akademiese standaarde voldoen.

Hoewel daar 'n sentiment teen kerklike betrokkenheid by teologiese opleiding is, skryf Wethmar dat aan die Universiteit van Pretoria die teologiese opleiding se taak is om kerklike ampsdraers op te lei en derhalwe kan hierdie opleiding nie anders wees as om kerklik geörienteerd te wees nie (Wethmar 1998:221). Vir hom bied die wesenseienskappe van die kerk grond vir teologiese opleiding.

> Dit hou in dat die basiese taak van teologiese opleiding is om tot eer van God en tot welsyn van die naaste die kerk te dien in sy roeping om kerk van die Woord te wees. Daarby sou 'n mens dan die eienskappe van die kerk kon gebruik as aanduidings van wat die basiese dimensies van hierdie teologiese opleiding behoort te wees (Wethmar 1998:226).

Die wesenseienskappe van die kerk verleen vier basiese dimensies vir teologiese opleiding (Wethmar 1998:226-227). Die eerste is die *konfessionaliteit* van die kerk. Wanneer die kerk en die geloof van die kerk as primêre ruimte funksioneer waarin die teologie beoefen word, moet die teologie dus 'n konfessionele karakter dra. Die tweede is *spiritualiteit*. Teologiese opleiding word dan beskou as priesterlike karaktervorming waardeur kandidate vir heilige diens voorberei word vir 'n lewe as buitengewone sakramentele en geestelike ampsdraers. Die derde is *ekumenisiteit*. Teologiese waarheid is ten nouste verbonde aan die katolisiteit van die kerk. Katolisiteit kan slegs gerealiseer word as die kerk bly streef na die omvattende eskatologiese waarheid van die evangelie. Die vierde dimensie is die *wetenskaplikheid* van die teologie-beoefening. Die teologie staan voortdurend voor die uitdaging om die identiteit van die Bybelse boodskap te bewaar deur steeds veranderende kontekste heen en sodoende sy relevansie te behou. Die bestudering van antieke tekste en die moderne kontekste en die versoening daarvan, stel die hoogste wetenskaplike eise.

Wethmar gaan voort deur daarop te wys dat hoewel daar 'n wêreldwye diskussie oor die die aard van teologiese opleiding is, een ding duidelik is: Teologiese opleiding volg 'n bepaalde tradisie, maar die basiese uitgangspunte ten grondslag hiervan word nie duidelik gemaak nie. Vir Wethmar (1998:221) is die vraag na teologiese opleiding "self ten diepste 'n teologiese vraag".

### 3.3 Teologie as voorbereiding om diens aan God te lewer

Die dominee het die verantwoordelikheid om die outentieke evangelieboodskap te bewaar, maar het ook die roeping om die evangelie weer nuut vir sy tyd te ontdek en aan sy gemeente te verkonding. Jonker (1998:106) verwoord dit goed as hy sê:

> die prediking mag niks anders as vertolking van die Skrif wees nie, en dit is dus van kardinale belang om te vra hoe die Skrif se boodskap in ons tyd vir die moderne mens vertolk moet word.

Teologiese opleiding sal tred moet hou met die verandering van die institusionele kultuur binne die kerk. 'n Goeie voorbeeld hiervan is die charismatisering van die ampte. Hoewel daar nog nie van 'n paradigmaskuif in hierdie verband binne die gereformeede kerkverband gepraat kan word nie, is daar duidelike tekens sigbaar van 'n klemverskuiwing ter wille van die charismatisering van die amp (Strauss 2000). Wat egter aandag verdien binne die konteks van hierdie artikel, is Strauss (2000:80) se opmerking dat

die "charisma", beeld of persoonlikheid van die dominee tans met redelike krag geld. Hy merk op:

> Daarom moet jy jouself so aantreklik en verbuikersvriendelik moontlik bemark. Jou kerk moet oop en lekker wees vir almal. Boonop dwing die behoefte aan ervaring of belewing jou om in elke diens minstens een ding te laat gebeur waarna mense agterna dramaties kan verwys of, selfs, oor kan lag. En jou finale maatstaf vir sukses is natuurlik hoeveel mense jy trek.

Hierdie toedrag van sake maak leierskap in die opleiding van predikante toenemend belangriker. Perspektiewe buite die teologie kan hier waardevol wees. Een voorbeeld hiervan is besigheidsperspektiewe op leierskap. Jim Collins (2001) praat van "Level 5 Leadership". Dit verduidelik hy as om tegelyk die voortou (*professional will*) te kan neem en om nederigheid (*humility*) as deug aan te leer. Hierdie paradoksale benadering tot leierskap sien hy as 'n teenreaksie op die "larger than life" en die "chainsaw personalities". 'n Ander paradoks waarvan kennis geneem moet word, is dat sukses en mislukking beide tot leierskap behoort:

> The hard truth is that it is not possible to know the rewards and joys of leadership without experiencing the pain as well (Heifetz & Linsky 2002:74).

Vir die opleiding van evangeliebedienaars is dit gebiedend noodsaaklik. Die dominee moet die leiding binne die gemeente kan neem maar op so 'n manier dat dit nie die gemeentelede van hom/haar vervreem nie. Hiervoor is nederigheid as deug noodsaaklik. Dit is in lyn met die Bybelse beginsel om die tweede myl te loop, die onderkleed te gee en om die ander wang te draai (Matteus 5).

### 3.4 *A priori* sentimente in teologiese opleiding

In die bestudering van die teologie is daar vyf sentimente wat 'n rol speel.

*Eerstens* is daar die vraag waarom die teologie bestudeer moet word. Die Heilige Gees gee tog die inspirasie vir die verstaan van die Skrif. 'n Mens hoef nie met Ben du Toit se boek *God? Geloof in 'n postmoderne tyd* (2000) saam te stem nie. Feit is egter dat geloof nie meer kerklik (voor-moderne wetenskapsbeskouing) of rasionalisties/bewysbaar (moderne wetenskapsbeskouing) verstaan word nie. Elke persoon se eie belewenis van geloof speel 'n rol. Dit maak nou die bestudering van die Bybel en die toepassing daarvan noodsaaklik as daar tot die mens van die post-moderne eeu gespreek wil word.

*Tweedens* is daar verskil oor die aanbieding van die teologie as 'n universiteitsvak. Kan 'n teologiese seminarium nie dalk dieselfde doen nie? In hierdie verband het die Tiende Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk in 1998 'n studieverslag oor teologiese opleiding behandel. Drie scenario's is behandel. Die *eerste* scenario is dat die drie teologiese fakulteite groter diensbaarheid aan ander denominasies verleen. Die *tweede* scenario is dat die kerk sy eie beheer oor die teologiese fakulteite opskort. 'n *Derde* scenario is 'n eie seminarium waar teologiese opleiding gegee sal word (Agenda van die Algemene Sinode 1998:95). Dit is duidelik dat die eerste scenario die meer wenslike is, gegee die aard van die teologie as wetenskap en ook dat konfessie wel belangrik is, maar nie eksklusief in die opleiding van studente nie (Lategan 1996).

In die opleiding van predikante is 'n *sine qua non* vertrekpunt dat die teologie se status as wetenskaplike dissipline nie beredeneer hoef te word nie. Teologie is immers geen individualistiese wetenskap nie, maar word beïnvloed deur ander wetenskappe en beïnvloed op sy beurt ook weer ander wetenskappe. Byvoorbeeld, die hermeneutiek leun swaar aan teen die literatuurwetenskap en pastorale beskouings soos die narratiewe pastoraat het ook by die literatuurwetenskap gaan kers opsteek. Die ekklesiologie (spesifiek die kerkgeskiedenis) verruim die historiese wetenskappe. In 'n land soos Suid-Afrika waar daar vir solank 'n tweelingverhouding tussen kerk en staat was, kan die politieke wetenskap se historiese verlede nie verstaan word sonder dat die kerkgeskiedenis daarby betrek word nie.

*Derdens*, moet godsdiens en wetenskap (in die sin van natuurwetenskap – "science") ook nie van mekaar geskei word nie. Teologie as wetenskap word ook deur die wetenskap beïnvloed. In 'n artikel het Bill Broadway (2002:B9) dit oor die ruimte vir godsdiens en wetenskap. Hy verwys na die hoofsterrekundige van die Vatikaan, George Coyne, wat argumenteer dat godsdiens en wetenskap nie mekaar-uitsluitende beginsels is nie. Coyne haal Galileo aan wat gesê het: "Scripture is written to tell us how to go to heaven and not how the heavens go." In die tyd van die Bybelskrywers was daar nie 'n diepgaande belangstelling in die heelal nie. Vandag se tegnologiese samelewing noodsaak dit. Ons kan nie nou die Bybel en wetenskap van mekaar skei nie. Coyne sê:

> The people who wrote Scripture had no interest whatsoever in understanding the universe the way we now do. They were trying to bring other people to accept the revelation [of the universe] as a product of God's love. That's a valid way to look at it.

*Vierdens* is daar ook die verskil in mening of God die voorwerp van wetenskap kan wees. Velema (1993:30 e.v.) wys op drie standpunte in hierdie

verband. 'n Eerste standpunt is dat geloof so persoonlik is dat wetenskaplikheid nie ter sprake kan wees nie (o.a. H.S. Versnel). 'n Tweede beskouing is dat geloof nie wetenskaplik kan wees nie, want dan word God die onderwerp van studie. God kan immers nie onder 'n mikroskoop bestudeer word nie (o.a. W.J. Ouweneel). 'n Derde perspektief is dat God net geken kan word deur die geloof, die konfessie en die erediens. Teologie word dan gedefinieer as 'n wetenskap van die christelike geloof (o.a. H.M. Kuitert). In antwoord hierop sê Velema dat God nie sonder sy openbaring geken kan word nie. Sy standpunt kan ek ondersteun. Maar, openbaring en ervaring kan ook nie sonder meer gemeng word nie. Die openbaring kom van God en die ervaring van die mens. Goddelike openbaring kan nie ondergeskik gestel word aan menslike ervaring nie. Vir Velema is die teologie afhanklik van die openbaring — ervaring alleen is godsdienswetenskap. Wat na my mening egter toegevoeg moet word, is dat die openbaring deur die ervaring beleef moet word. Die twee kan dus nie sonder meer geskei word nie. Maar alle ervaring is subjektief en mensgerig. Dit maak m.i. die meet daarvan aan die Skrif so belangrik. Ook dit is uiteraard subjektief, maar die Skrif is immers die objektiewe maatstaf waarteen gemeet word.

*Vyfdens* is daar 'n verskil oor konfessionele en/of interkerklike teologiese aanbieding. Die menings varieer van standpunte soos dat geen teologie konfessioneel vry kan wees nie, dat 'n konfessionele uitsluitingsteologie vreemd is aan die eenheidskarakter van die wetenskap en die universiteit (Lategan 1993) en dat die politieke geskeidenheid van die verlede dit noodsaaklik maak as 'n simboliese daad van eenheid binne (Nederduitse) Gereformeerde kerkverband. Van Niekerk (2000) verwys hierna as "'n wonderwerk wat moet gebeur".

## 4. BESPREKING EN REFLEKSIE

### 4.1

Dit is moeilik om te aanvaar dat daar nog verskil in mening is oor die vraag of die teologie 'n wetenskap is. Indien wetenskap (en dus kennisgenerasie) te doen het met hipoteses, verifikasie, valsifikasie, kritiese refleksies en analises, ensovoorts dan bied die teologie self genoeg redes om vanuit die aard van die wetenskap as wetenskap geklassifiseer te word. Die Kantiaanse beskouing dat geloof nie wetenskaplik bestudeer kan word nie, kan dus nie onderskryf word nie. Die definiëring van die teologie is 'n saak ondergeskik aan die vraag wat wetenskap is en kan nie aan wysgerige voor-vrae ontkom nie. Die rede hiervoor is dat die filosofie juis die wetenskap is wat besig is

met die analise van vakwetenskappe as wetenskap (Strauss 1991:1, 3, 4, 11; Strauss 2002). Wethmar is dus reg as hy bedoel dat teologiese opleiding 'n teologiese aangeleentheid is in soverre dit die studie van die geloofsopenbaring in die kurrikulum betrek, maar hy is verkeed as hy met sy opmerking sou bedoel dat net die teologie oor sy teologiese aard, karakter en opleiding kan nadink (sien weer paragraaf 3.2). Die vraag oor wat teologie is, is 'n vraag wat elke teologiese ensiklopediese dissipline sal moet ekspliseer. Dit is duidelik dat hierin 'n Skrif- (veral die openbarings-) en kerkbeskouing 'n leidinggewende rol sal speel.

Binne die teologiese raamwerk van die Fakukteit Teologie aan die Universiteit van die Vrystaat is dit opvallend dat 'n *bibliologiese weg* (die teologie bestudeer die openbaring) en 'n *wysgerige weg* (die teologie bestudeer die werklikheid vanuit 'n geloofsperspektief) prominent in die beoefening van die teologie is. As student in die begin 1990s was ek by 'n projek betrokke om duidelikheid oor die definiëring van die teologiese dissipline te kry. My vertrekpunt was 'n wysgerige benadering — iets waarmee die jubilaris dikwels nie vrede mee kon maak nie. As voorbeeld hiervan verwys ek na Potgieter se beskouing dat die teologie die geloof bestudeer terwyl my standpunt is dat die teologie vanuit die geloofsaspek van die werklikheid na die werklikheid kyk (Lategan 1991). In die jubilaris se geval sal die teologie dus die fenomeen van die christelike geloof bestudeer terwyl my uitgangspunt weer is dat vanuit die christelike geloof die werklikheid bestudeer moet word. Hierdie standpunt is dus meer as net 'n metodologiese verskil wat noodwendig standpunte sal beïnvloed. In Potgieter se geval sal eksegese meer prominent wees as rasionaliteit terwyl in my benadering rasionaliteit ewe prominent is. 'n Potensiële nadeel van Potgieter se benadering is dat geloof maklik afgeskaal kan word tot 'n fenomeen en dat die paradigma van waaruit die geloof bestudeer sal word, nie duidelik is nie en daarom nie tot wetenskaplike konsekwensie kan lei nie. Die gevaar van my benadering is dat eksegese en hermeneuse maklik deur rasionaliteit oorskadu kan word en ook die indruk skep dat geloof 'n rasionele aangeleentheid is. Die positiewe is dat die geloofsaspek wel afgeskaal is tot die Christelike domein, maar daar is geen beperking op die werklikheid wat bestudeer word nie. Dié beskouing leun dus aan teen die Kuyperiaanse idee van die geloof wat die skeppingswye werklikheid moet beslaan. 'n Verdere positiewe element van hierdie benadering is dat meer dissiplines by die bestudering van die teologie betrek word as die teologie self. Hierdie benadering word byvoorbeeld deur W.D. Jonker afgekeur omdat die teologie se inslag beperk word ten gunste van ander wetenskaplike dissiplines. Wat egter nie verreken word nie, is dat moderne wetenskaplike teorie juis ten gunste is van 'n

interdissiplinêre benadering in die bestudering van vakwetenskappe (soos die teologie). Dit is duidelik dat oor die *prolegomena* van die teologie besin sal moet word binne die kader van opleiding. Met verwysing na die dogmatiek (Potgieter se veld van spesialisasie), argumenteer Spykman (1988) oortuigend oor die waarde van die Christelike filosofie vir die dogmatiek.

Die oplossing lê duidelik daarin dat die oplossing nie is om 'n (onderhandelde/demokratiese) definisie oor die aard van die teologie te hê nie, maar eerder om die student bewus te maak vanuit watter paradigma vertrek word om die teologie as wetenskap te beoefen.

## 4.2

Teologiese opleiding moet daarteen waak dat dit nie in die huis gaan met die Griekse antropologie wat betref die behoeftes van studente nie, naamlik dat 'n dualistiese benadering in die student se behoeftes moet voorsien nie. Potgieter se opmerking dat die student *akademies* en *geestelik* toegerus moet word, moet nie geïnterpreteer word as twee hierargieë in die mens wat aangespreek moet word nie. Natuurlik moet die student in die teologie geestelik volwasse wees om die uitdagings van die bediening te kan aanpak, maar hierdie geestelike volwassenheid is 'n geloofsaak wat nie bo die akademie gestel kan word nie. Die geestelike volwassenheid moet deur akademiese kundigheid ondersteun word wanneer dit gaan oor die geestelike bediening van 'n gemeenskap waar probleme soos MIV/Vigs, werkloosheid, postmoderne geloof, politieke versoening, etiek in die werkplek, ensovoorts aan die orde van die dag is. Juis hierdie omstandighede noodsaak 'n wetenskaplike opleiding in die bestudering van die openbaring en die werklikheid vanuit die geloof. Die standpunt sluit aan by Potgieter se siening van die beroep van die dominee as 'n professionele beroep en dat studente tot 'n kritiese denkselfstandigheid moet kom.

## 4.3

Hoewel ek ook 'n voorstaander is van die onderskeid tussen *beroepsgerigte onderrig* en *beroepsrelevante onderrig*, kan daar tans nie tussen die twee gekies word nie. Geen teologiese opleiding kan die dominee "pasklaar" vir die gemeentebediening voorberei nie. Tog kan die student nie die bediening aandurf sonder 'n basiese agtergrond van en voorbereiding vir sy/haar beroep nie. Beroepsgerigte onderrig is dus noodsaaklik. (Teologiese) opleiding is egter geen kasuïstiek nie. Die beste manier van opleiding is daarom om die student so veel as moontlik akademiese en praktiese blootstelling te gee sodat die student uiteindelik self in staat sal wees om 'n antwoord vir 'n pro-

bleem te kan formuleer. Beroepsrelevante onderrig is dus noodsaaklik. Terselfdertyd berei dit die student ook vir 'n diversiteit van take en uitdagings voor om uiteindelik meer te kan doen as net "tipiese" predikantswerk (vergelyk Kerkorde Artikel 9). 'n Meer omvattende opleiding word genoodsaak deur die huidige ooraanbod van predikante vir die bediening. In praktyk kom dit daarop neer dat studente met 'n eng teologiese opleiding niks anders as predikantswerk kan doen as hierdie persoon nie beroep word nie. In feite beteken 'n eng (beroepsgerigte) opleiding "education for unemployment". Gesien vanuit die jongste Nasionale Plan vir Hoër Ondewys is dit onaanvaarbaar. Sonder om in diepte in te gaan in die teologiese kurrikulum, kan dominees 'n belangrike rol speel in die sg. "service learning" waaraan daar vanuit 'n ontwikkelingsperspektief 'n enorme behoefte is. Die behoefte kan aangespreek word deur elektiewe in die kurrikulum in te bou wat vanuit 'n gemeenskasdiensperspektief benodig word.

Potgieter moet hier gekomplimenteer word. Sy studie oor die kurrikulering was juis daarop gemik om die leerwêreld van die student te verstaan en om vanuit die teologiese kurrikulering aandag daaraan te gee. Tog vind ek dit jammer — gesien vanuit my eie teologiese opleiding — dat studente nie meer aan die praktyk geörienteer was nie. Hoewel Potgieter nie ten gunste is van 'n eksklusiewe kognitiewe verstaan van akademiese leerstof nie, het ek meermale die ondervinding gehad dat akademiese vermoëns in 'n eksamen belangriker as die toepassing van die nuutverworwe kennis was. In my proefskrif, *Die kompromie in pastoraal-etiese perspektief*, was die studie hoofsaaklik teoreties met abstrakte voorbeelde om die probleem te verduidelik. As promotor het hy altyd die vryheid gegee om selfstandig te dink (nog 'n voorkeur by hom) maar die uitkoms van die studie was duidelik ondergeskik aan die legitimering van die onderwerp. Toe was ek met hom eens daaroor. Vandag, in 'n meer pragmaties-geörienteerde samelewing, is ek tog jammer dat die praktyk in die "perspektief" van die studie nie sterker deurgekom het ten gunste van 'n praktykgerigte perspektief nie.

## 4.4

Die predikantsamp word deur diens gekarakteriseer en moet binne die raamwerk van die koninkryk van God verstaan word. Hierdie diens is diens aan God (*coram Deo*) en diens van God aan die gemeenskap (*diakonia*). Hierdie dienswerk veronderstel dat die bedienaar van die Woord 'n visie op God moet hê. 'n Visie op God veronderstel om te sê wat God sê en te doen wat God vra. Dit hou verband met die leierskapperspektief wat vir die kerk benodig word. Om die geestelike leier van die gemeente te wees moet die dominee tegelyk twee sake kan akkommodeer. Gesien vanuit die "herder-

kudde"-model moet die dominee as "herder" die "beste" vir sy kudde wil. Hierdie beste is om die gemeente in hulle geloofsgroei te begelei. Prakties beteken dit dat die dominee die geloofservaring van die gemeente moet kan versterk en opbou, maar ook dit wat die geloofservaring en -groei van die gemeente beperk, moet ingeperk word. Andersyds beteken om herder te wees om jou tot diens van die kudde te stel. Hierdie diens word deur offervaardigheid en nederigheid gekenmerk (sien Johannes 13:1-17). Binne hierdie konteks moet die student ook geleer word dat dit 'n akademiese aangeleentheid is om altyd reg te wees, maar ter wille van die behoud van die gemeente moet die gemeente se standpunt ook geakkommodeer word. Die dominee kan nie altyd al een wees wat reg is nie. Die waarheid is ook nie 'n waarheid gekenmerk deur die beste argumente en teorieë nie, maar die vashou aan 'n Persoon, 'n Iemand. Die Christelike waarheid is geen dogma en onfeilbare standpunt nie, maar die onvoorwaardelike geloof in God. Sonder hierdie gesindheid kan die dominee nooit die herder wees in diens van die Herder nie.

Potgieter se siening van die predikantsamp is duidelik. Uit sy publikasies kan m.i. drie vereistes afgelei word:

- *Daar moet 'n visie op God wees*. Die evangelie kan nie verkondig word as daar nie 'n gerigtheid op God is nie. Om 'n visie op God te hê, beteken om die gemeente te begelei om God se Woord in hulle lewens waar te maak.
- *Die kerk is uniek, daarom is die predikantsamp besonder*. Die kerk is die enigste samelewingsinstelling wat as liggaam van Christus gekwalifiseer word. Die verbondenheid met Christus is dus uniek. Daarom is dit waarmee en waarbinne die dominee moet werk, naamlik die liggaam van Christus, besonder. Die besonderheid van die amp kom nie altyd genoegsaam tot sy reg nie.
- Die Skrif het gesag, die dominee nie. Die dominee moet sy/haar boodskap met gesag oordra en dit nie versier met "foefies" (Potgieter se term) nie. Maar, dit is nie die dominee wat gesag het nie, maar die boodskap wat oorgedra word.

## 4.5

Vir die suksesvolle akademiese voorbereiding van 'n teologiese student, moet 'n leergemeenskap geskep word. 'n Leergemeenskap verwys na die wyse waarop aandag gegee word aan die onderwys, navorsing, menseverhoudinge, kurrikulumontwikkelings, administrasie, gemeenskap en administrasie. In praktyk beteken dit dat 'n akademiese omgewing moet be-

staan. Kurrikulum moet beroepsensitief en beroepsrelevant wees. Respek vir die dosent — as persoon en sy kundigheid — is belangrik in die leeroordrag. Die dosent moet ook 'n leerbron en 'n leerfasiliteerder wees. Die leerproses moet bydra tot die suksesvolle benutting van bronne, die hantering van inligting en data, sosiale vaardighede, algemene vaardighede, denkvaardighede, persoonlike vaardighede en integrasievaardighede. Teologiestudente moet 'n opleiding kry wat diepgaande is (spesialisasie), maar ook in staat is om meerdere standpunte te kan betrek (integrasie). Potgieter het ook hiervoor voorsiening gemaak — sy studie oor die teologiese kurrikulum dien ook hier as voorbeeld!

## 5. SLOTOPMERKING

Prof. Pieter Potgieter sal my nie kwalik neem nie as ek sê dat ons beide 'n tradisionele beskouing gehad het van dit waaroor universitêre opleiding moet gaan, naamlik die slyp van kritiese denke en die uitbou van intellektuele konstrukte. Dit het hy aangemoedig deur indringende vrae wat gestel is. Sy vrae was nie altyd van 'n narratiewe aard nie, maar op die punt af geformuleer. Hiervoor het ek net die grootste waardering. Vir my was dit 'n aanduiding dat sy gedagtes georden en gefokus is. Prof. Potgieter het dikwels opgemerk dat hy 'n saak "in orde" vind. Van sy beskouing van teologiese opleiding kan ek dieselfde sê!

# BIBLIOGRAFIE

*Agenda van die Tiende Vergadering van die Algemene Sinode van die Ned. Geref. Kerk.*
Pretoria: 11-17 Oktober 1998.

Broadway B
2002. Keeping an EYE on the heavens. *The Washington Post* 18 May:B9.

Du Toit B
2000. *God? Geloof in 'n postmoderne tyd*. Bloemfontein: CLF Uitgewers.

Collins J
2001. Level 5 leadership: the triumph of humility and fierce resolve. *Harvard Business Review* January:66-76.

Heifetz R A & Linsky M
2002. A survival guide for leaders. *Harvard Business Review* June:65-74.

Jonker W
1998. *Selfs die kerk kan verander*. Kaapstad: Tafelberg.

Lategan L O K
1991. Universiteit, konfessie en teologie: luukse óf noodsaaklikheid? *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 27(2):44-64.
1993. Die toekoms van ons teologiese fakulteite. *Acta Theologica* 13(3):75-78.
1996. Die Ned. Geref. Kerke se teologiese fakulteite by 'n kruispad: die toekoms van hierdie fakulteite in 'n veranderde universiteitsopset. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* 37(2):360-369.

Lategan L O K & Bitzer E M
1994. Die vestiging van 'n leergemeenskap aan 'n teologiese fakulteit: 'n perspektief vanuit die hoër onderwys. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* 30(1):32-43.

Potgieter P C
1983. Die gesag van die Kerk se Woord. Professorale intreerede. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.
1986. *Hier is die Woord*. Wellington: Bybelkor.
1988a. *Voorberei en toegerus.* UV Teologiese Studies 1. Bloemfontein: Pro Christo Publikasies.
1988b. *Perspicuitas* – vir wie? In: C.J.A. Vos & C.J. Wethmar (reds). *'n Woord op sy tyd*, Pretoria: NGKB:89-96.
1990. *Skrif, dogma & verkondiging*. Kaapstad: Lux Verbi.
1991. 'n Visie op die wese van die kerk. In: S.D. Snyman & D. F. Tolmie (reds). *'n Visie van die bediening.* UV Teologiese Studies 5. Bloemfontein: Pro Christo.

Potgieter P C & Smit J H
1988. *Vernuwing of konfrontasie?* Kaapstad: Lux Verbi.

ROSSOUW P J
1989. "Sal ons nog teologie bestudeer, of nie?" Enkele pastorale refleksies na meer as 100 jaar. *Acta Theologica* 9 (1):71-78.

SPYKMAN G
1988. Christian philosophy as prolegomena to Reformed Dogmatics. In: C.J.A. Vos & C.J. Wethmar (reds.) *'n Woord op sy tyd*, Pretoria: NGKB:137-155.

STRAUSS D F M
1990. Wat is teologie? *Tydskrif vir Christelike Wetenskap* (1):1-22.
2002. Is it possible to do theology without philosophical presuppositions. *Acta Theologica* 22 (1):146-164.

STRAUSS P J
2000. Die Ned. Geref Kerk en "charismatisering": enkele gedagtes rondom die ampte. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* 41(1 & 2):71-83.

VAN NIEKERK A
2000. Die gesamentlike teologiese opleiding: 'n wonderwerk wat móét gebeur. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* 41(3 & 4):350-365.

VELEMA W H
1983. *Geding om God: een reactie op de rede van dr. H.S. Versnel*. Apeldoorn: Willem de Zwijgerstichting.

WETHMAR C J
1998. Die toekoms van teologiese opleiding in die Nederduitse Gereformeerde Kerk. *Ned. Geref. Teologiese Tydskrif* 39(3):220-230.

| *Trefwoorde* | *Keywords* |
|---|---|
| P.C. Potgieter | P.C. Potgieter |
| Predikantsopleiding | Training of ministers |
| Teologiese kurrikulum | Theological curriculum |